

Preekvoorligting Sondag 13 Oktober 2019

Skriflesing: 1 Konings 17: 1-6

Teksvers: 1 Konings 17: 5,6

Tema: God gee sy genade sodat ons ons kan gee in sy diens.

Die gedeelte in 1 Konings 17 speel af 870 jaar vC – ’n tydperk in die geskiedenis van Israel wat gekenmerk was deur goddelose konings wat oor die volk regeer het. So ’n koning was dan Agab, die seun van Omri, maar dan vers 1 van hfst 17, ’n man met die naam Elia, ’n profeet van die Here. ’n Man wat ’n spesifieke boodskap bring aan die koning. Hy kondig ’n droogte as God se oordeel oor die land van Israel aan, ’n aankondiging waaronder Elia self ook sou ly.

1. God se versorgende genade vir die gelowige

Dit is nie net die goddeloses wat deur God se oordeel getref word nie, maar ook hulle wat die ware God bely. Dit is weliswaar so, maar 1 Kon 17 maak duidelik God se besondere bemoeienis met sy profeet – die Here lei hom na die spruit Krit, oos van die Jordaan. Daar tussen die digte bosse moes hy hom skuilhou en daar sou God hom versorg. Hier gebruik God kraaie om in die oggend en in die aand vir Elia kos te bring. Kraaie versorg ’n mens, kraaie wat aasvreters is en alles wat hulle in die hande kry voor die voet verslind, hulle bring kos vir die dienskneg van God. Hierdie was voorwaar ’n wonder wat Elia beleef het. Ongeag die droogte, het hy gelewe. Hierdie is ’n werklikheid wat so maklik vergeet word dat God mag het oor alles en almal, selfs om sy kind in die moeilikste omstandighede steeds met sy liefde te omarm. Nou die vraag: Het Elia die Here “reg gedien” en daarom het God hom versorg? In die so verstaan van hierdie gedeelte lê daar definitiewe gevare opgesluit. Dit sou beteken dat Elia sy versorging by die Here verdien het. Sy versorging was egter nie iets wat hy verdien het nie, maar genade. God het aan hom genade bewys deur hom te versorg en dan beteken genade “om te ontvang wat jy nie verdien nie”.

2. God se doel met genade vir die gelowige

God het genade aan Elia bewys. Hoekom het God dit gedoen? Elia het nog werk gehad. Hy moes nog op die berg Karmel gaan staan en die ware God so tot openbaring bring. Hy moes nog die beëindiging van die droogte deur God aankondig. Hy moes nog die oordeel van God oor Agab bekend maak. Waarom is dus aan hom genade bewys? Elia moes nog God se werk doen, daarom het God hom nie laat doodgaan van die honger of deur Agab om die lewe laat bring nie. God het hom bewaar, hom versorg om Sy werk te doen. Dit beteken God bewaar, God versorg, God gee sonder dat dit verdien word, maar dan wel met die doel dat Sy werk gedoen word. Dit beteken: Werk, eiendom, kos, klere, alles wat besit word, het ten doel om die gelowige daardeur in staat te stel om God se werk te doen en so in sy diens te kan wees. Hierdie is ’n belangrike openbaring, want dit gebeur soms dat God se versorging juis die oorsaak sou wees dat nie by Sy werk uitgekom word nie. Die gelowige is so besig met sy eie werk en die eise wat die omstandighede aan hom stel, dat hy naderhand God se werk vir so tweede of derde laat. 1 Kon 17 – dit kan nie so wees nie.

Slotopmerking

Weet, as jy werk het, kos het, klere het, ’n blyplek het, dan het God ’n doel daarmee. Duideliker gestel – as jy lewe, dan is dit so deur God beskik sodat jy God se doel vir jou tot uitvoering kan bring en dit is om Sy werk te kan doen. **God gee sy genade sodat jy jou kan gee in sy diens.**